higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ENTREPRENEURSKAP
NKR VLAK 2

(3021042)

28 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

456Q1N2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
ENTREPRENEURSKAP
NKR VLAK 2
TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kliëntebasis is ’n voorbeeld van ’n … van ’n onderneming.

A geleentheid.
B risiko.
C sterk punt.
D bedreiging.

1.2 ’n Bron van finansies is (’n) …

A kapitaal.
B debiteure.
C sakeplan.
D lening.

1.3 ’n Voorbeeld van ’n verkoopspromosie is (’n) …

A toernooi.
B koepons.
C fondsinsameling.
D pamflette.

1.4 ’n Beslote korporasie kan slegs een lid hê, maar nie meer as ... nie.

A 10
B 20
C 50
D onbeperk

1.5 Veronderstel die totale vaste koste per maand vir ’n kleinsakeonderneming is R300. Die totale veranderlike koste vir die maand is R1 500.

Wat is die persentasie vaste koste?

A 20%
B 50%
C 45%
D 87%

1.6 Gereelde daaglikse, weeklikse en maandelikse aktiwiteite word aangeteken op of in die ...

A doelstellings vir die week.
B medium beplanning.
C werkskedule.
D dagboek.

1.7 ... doelstellings kan insluit om maniere te ondersoek om werksomstandighede vir bestaande werkers te verbeter.

A Korttermyn-
B Mediumtermyn-
C Langtermyn-
D Maandelikse

1.8 'n ... sal entrepreneurs help deur advies te gee of die aandag op potensiële probleme te vestig.

A Afrigter
B Mentor
C Vennoot
D Aandeelhouer

1.9 Die ekonomiese omgewing het te make met ...

A verskaffers.
B inflasie.
C werkloosheid.
D misdaad.

1.10 Bruto winspersentasie is die bruto wins van 'n onderneming uitgedruk as 'n persentasie van ...

A toeslag.
B netto wins.
C bruto wins.
D verkope.

1.11 Gebeure wat buite jou onderneming plaasvind wat jou daarvan kan weerhou om jou doelstellings te bereik.

A Swakhede
B Bedreigings
C Geleenthede
D Sterk punte

Kopiereg voorbehou

1.12 Die behoefte om honger te stil, dors te les en lug in te asem, staan bekend as ... behoeftes.

A sielkundige
B sosiale
C fisieke
D fisiologiese

1.13 Die T in PESTEL-ontleding verwys na ...

A bedreigings.
B tegnologie.
C tegniese aspekte.
D transformasie.

1.14 Proses waarvolgens die mark verdeel word op grond van faktore soos demografie en geografie.

A Marksegmentering
B Bemarkingsplan
C Bemarkingsfunksie
D Volmaakte mark

1.15 Die uitvoerende opsomming ...

A gee besonderhede van die toerusting wat benodig word.
B dui die sterk punte en swakhede van die onderneming aan.
C beskryf die tipe onderneming ooreenkomstig eienaarskap.
D beskryf die struikelblokke wat die onderneming sal teëkom wanneer dit die mark betree.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die prysingsbeleid is 'n komponent van die bemarkingsplan.

2.2 Die nut van die SWOT-ontledingsmetode is beperk tot organisasies wat wins najaag.

2.3 Die proses waarvolgens jy jou eie onderneming begin, staan bekend as intrapreneurskap.

2.4 Die markomgewing sluit mededingers en werknemers in.

2.5 'n Produkwaarborg kan aan 'n kliënt aangebied word wanneer hy/sy 'n nuwe produk koop.

2.6 Sakedokumente soos diagramme en argitektoniese planne kan by die bedryfsplan van 'n onderneming ingesluit word.

2.7 'n Goeie kredietrekord moet die vertrekpunt wees vir elkeen wat geld wil bekom om 'n onderneming te vestig.

2.8 Een van die redes waarom entrepreneurs sukses behaal, is omdat hulle 'n goeie sakeplan het.

2.9 Persoonlikheidstrekke van 'n entrepreneur bestaan uit vaardighede wat 'n mens deur middel van opleiding kan bekom.

2.10 Netto wins is die verskil tussen inkomste en die koste van verkope.

2.11 'n Aankoopjoernaal word gebruik om uitgawes aan posgeld en skryfbehoeftes op te teken.

2.12 'n Dagboek bied 'n geskiedenis, of roete van gebeure, vir geskille wat maande later kan ontstaan.

2.13 Notules en memorandums is dokumente wat algemeen vir eksterne kommunikasie gebruik word.

2.14 Taaklys is 'n datum of tyd wat iets gedoen moet wees.

2.15 Beleggers en krediteure verskaf die geld om die onderneming te vestig en te bedryf.

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

JONG ENTREPRENEURS VIND SKATTE IN VULLIS

Phumudzo Muthanyi en Mbali Mokgosi van Orange Farm, suid van Johannesburg, sit gemors suksesvol in eksklusiewe modeartikels om. Die duo se maatskappy, MicGalaw, gebruik plastiek wat op vullishope en in afvalgate weggegooi is om handsakke, bykomstighede, handwerk en meubels te maak. Herwinning is die proses waarvolgens gemors ingesamel word en in nuwe produkte omgesit word.

Muthanyi sê hulle was geïnspireer om plastiek te herwin nadat hulle gesien het hoeveel bottels en ander stukke plastiek in hul township rondgestrooi was en die landskap lelik en besoedel gemaak het.

Dit het ongeveer drie jaar geduur om die kuns te bemeester om met plastiek te werk. Hul deurbraak het gekom toe hulle in 2018 'n kompetisieprys van R12 500 tydens wêreldwye entrepreneurskapweek gewen het. Hulle kon toe hul eerste swaardiens-industriële masjien, toerusting en materiale koop.

In 2019 het die vroue hul eerste versameling geproduseer, bestaande uit vyf modieuse sakke wat uit herwonne plastiek gemaak is. Sedertdien het hulle hul naam gevestig, met die MicGalaw-handelsmerk wat bekend geword het vir sy treffende ontwerpe. Al hul produkte word van herwonne materiale gemaak en is bekostigbaar. Die meeste produkte kos tussen R50 en R350 per item.

Die afval wat deur MicGalaw ingesamel word, word gewas en geskei. Die herwonne plastiek word daarna versnipper en gesmelt om 'n leeragtige materiaal te word. Dit word gevolg deur die materiaal volgens 'n patroon te knip en die finale produk te skep.

MicGalaw het ook inkomstegeleenthede vir twee jongmense deur die skoonmaak-inisiatief geskep, waarvolgens deelnemende jeugdiges plastiek vir 'n vasgestelde tarief versamel.

Die maatskappy het al geskenke vir baie maatskappye gemaak − insluitend skootrekenaarrugsakke – en hoop om meer sodanige bestellings te kry. 'Ons sal graag ons onderneming van 'n mikro-onderneming tot 'n klein ontwikkelende onderneming wil laat groei en werksgeleenthede vir meer jong ontwerpers van Orange Farm en Mogale City skep,' sê Muthanyi.

[Vertaal uit: *www.sowetan.sebenzalive.co.za*]

3.1 Mense kyk gewoonlik met belangstelling na nuwe produkte.

Dui aan hoe Muthanyi en Mokgosi kliënte se belangstelling in hul produkte kan stimuleer. (4)

3.2 Goeie naverkoopdiens skep lojale kliënte wat altyd weer sal terugkeer.

Ontwikkel 'n naverkoopvraelys vir Muthanyi en Mokgosi se onderneming om uit te vind of kliënte tevrede is met hul produkte of nie.

(WENK: Sluit AFDELING A en B met 'n minimum van VYF vrae in.) (8)

3.3 Die sakeplan speel 'n deurslaggewende rol in die entrepreneursproses.

Hoe sal die volgende komponente van 'n sakeplan Muthanyi en Mokgosi in hul onderneming help?

3.3.1 Bestuursplan (3)

3.3.2 Omgewingsassesseringsplan (2)

3.3.3 Bedryfsplan (3)

3.4 Identifiseer DRIE komponente van sakeomgewings en klassifiseer elke komponent volgens die sakeomgewing en die omvang van hul beheer.

LET WEL: Teken die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK oor om jou antwoord voor te stel.

KOMPONENTE	OMGEWINGS	BEHEER
bv Kliënte	Mark	Gedeeltelike beheer
•	•	•
•	•	•
•	•	•

(3 × 3) (9)

3.5 Muthanyi en Mokgosi wil graag hul onderneming uitbrei.

3.5.1 Gee DRIE belangrike finansiële state wat by hul sakeplan ingesluit moet word sodat die bank hul befondsing kan goedkeur. (3)

3.5.2 Noem DRIE belanghebbendes of mense wat in hul sakeplan sal belangstel. (3)

[35]

VRAAG 4

4.1 Muthanyi en Mokgosi koop die volgende items maandeliks aan:

100 ritssluiters @ R5,50 per ritssluiter
5 ℓ verf @ R75 per liter
30 m garing @ R25 per meter
40 m voering @ R15 per meter
10 ℓ gom @ R20 per liter

Muthanyi en Mokgosi betaal hul werknemers ’n salaris van R2 000 elk en hulle betaal ook aan hulself ’n salaris van R1 500 elk. Huurgeld vir die sakeperseel beloop R1 000 per maand. Hulle verkoop normaalweg 50 handsakke per maand.

Gebruik die bostaande inligting om die volgende te bereken:

4.1.1 Vaste koste per handsak (4)

4.1.2 Veranderlike koste per handsak (4)

4.1.3 Totale koste per handsak (3)

4.2 Noem VIER items wat Muthanyi en Mokgosi by die uitvoerende opsomming van hul sakeplan sal insluit. (4)

[15]

VRAAG 5

5.1 Goeie bestuursvaardigheid is noodsaaklik in alle ondernemings.

Noem VIER bestuursfunksies wat Muthanyi en Mokgosi moet uitvoer sodat hul onderneming suksesvol sal wees. (4)

5.2 Dit is baie opwindend om op ’n goeie idee af te kom. Hoe beskerm jy egter jou idee en verhoed dat iemand anders dit steel? Jy wil nie hê dat iemand anders geld uit jou idee maak nie.

Verduidelik DRIE metodes wat Muthanyi en Mokgosi kan gebruik om hul sake-idee te beskerm.

5.2.1 Geheimhouding

5.2.2 Patente

5.2.3 Handelsmerk

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

5.3 Verstrek TWEE redes waarom Micgalaw finansiering kan benodig. (2)

5.4 Noem VIER kenmerke van ’n goeie naam vir ’n onderneming. (4)

5.5 Verskillende tipes dagboeke word algemeen in ’n onderneming gebruik.

Verduidelik die volgende tipes dagboeke wat Muthanyi en Mokgosi in hul onderneming kan gebruik:

5.5.1 Dagboek vir daaglikse gebruik

5.5.2 Sakedagboek

(2 × 2) (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou